### *Josoë se mening oor slawerny*

**207** **Josoë** sê: "In U Naam sal ek dit baie kortliks probeer, maar dit is nou maar heeltemal ‘n vraag of my mening betroubaar is.

[2] Die voete van ‘n mens staan sigbaar op `n laer lewensvlak as sy hande, maar as die voete die mens nie na die water sou dra nie, dan sou hy sy hande nie van stof en vuilheid kon reinig nie. Derhalwe dink ek is slawediens in die algemeen net so noodsaaklik as herediens. As die voete uitgly, val die hele mens, en dit is dus sekerlik goed en nuttig om meer te let op die voete, wat met alle reg die slawe van die liggaam genoem kan word, as op alle ander liggaamsdele. Afgestomp en willoos moet die voete die swaar en tewens niksdoenende liggaam dagreise ver dra, en hulle kry daarvoor as loon niks anders as hoogstens `n reinigende verfrissing by `n bron nie, terwyl na `n gedane reis die hele liggaam, wat tydens die hele reis niks gedoen het nie, haar versterk met spys en drank. Maar wat kan, wat sal die voete daarvan sê? - Niks - want hulle is daarvoor geskape!

[3] Daarom dink ek dat slawerny `n noodsaaklike iets is wat nooit afgeskaf kan word as die mensdom in haar gegewe orde wil bly nie, tensy die mensdom mettertyd `n ander vervoermiddel sou uitdink - dan sou die slawediens van die voete natuurlik oorbodig gemaak kon word. - En so, dink ek, sou dit in die toekoms met slawerny kon gaan!

[4] Dit sou natuurlik beter gewees het as `n mens die slawerny wat vir die mensdom onwaardig is, algeheel `n mis kon gee, maar dit sou nog stellig lank kan duur voordat so `n geseënde tyd op aarde sy intrede sal maak.

[5] ‘n Slaaf word deur die vrye mensdom werklik as onkruid onder die mense aangemerk. Maar deur hierdie seldsame onkruid word die mensdom baie goed gemes en tewens traag en volledig passief - en dit vind ek baie sleg. In hierdie opsig sou dit weer beter gewees het as daar geen slawerny was nie. Maar as andersyds slawerny `n skool van die nederigheid is, dan is dit natuurlik ook `n onmisbare noodsaak vir die te hoog stygende mensdom; want na die Babiloniese gevangenskap het die Israeliete weer `n baie goeie volk geword - dit is maar net jammer dat die gevangenskap nie minstens `n volle eeu geduur het nie! Want na die bevryding was daar na my mening nog te veel vir wie die vroeëre glans van die Judese ryk nog te nadruklik voor oë gesweef het. Daarom wou hulle ook die ou glans weer so gou moontlik tot lewe bring. En toe die mure en die tempel weer opgebou was, was die ou hoogmoed ook weer aanwesig, en weldra het dit daar in Jerusalem eintlik nog slegter daaraan toe gegaan as vroeër vóór die Babiloniese gevangenskap. Veertig (*eerder 70jr: vertaler*) jaar was dus kennelik te min, maar na ‘n honderd jaar sou by al ons vadere die hunkering na glans, prag en hoogmoed sekerlik vir honderde jare totaal vergaan het!

[6] Dit is natuurlik slegs nog maar net `n onryp vermoede van my en daar sal sonder twyfel behoorlike en goed gefundeerde teenargumente bestaan, maar ek praat slegs maar soos wat ek dit aanvoel. Want iemand wat vir `n slegte daad `n oorveeg kry, sal hy die kwaaddoen nie baie langer nalaat as wat die pyn geduur het nie. As hy egter deur Elohim vir `n slegte daad met `n lang aanhoudende en baie pynlike lyding besoek word, sal hy die sonde seker bykans nooit weer begaan nie!

[7] Daarom kan ek `n regtig lang aanhoudende slawerny maar net sien as iets wat `n bepaalde doel moet dien, en ek sien nou ook die onwrikbare noodsaak van hierdie toestand in en ek dink: So `n goeie en gewillige slaaf is uit die aard van die saak baie volmaakter as `n vry mens; want die vrye mens is geestelik `n slaaf van sy sinne, terwyl die liggaamlike slaaf geestelik `n vry mens kan wees.

[8] Want daar is `n groot verskil tussen `n mens wat baas van sy wil is - wat by `n goeie slaaf heeltemal die geval moet wees - en `n mens wie se wil geen gehoorsaamheid ken nie, en by wie alles moet gebeur wat hy wil.

[9] En daarom is ek dit nou tog heeltemal met slawerny eens en wens dat dit nooit sal eindig nie! Want ek vind: Sodra hierdie hoofskool vir die ware nederigheid sal eindig, sal die mense van die aarde deur `n groot ellende besoek word!

[10] Natuurlik is dit wel te verlang dat mense almal volgens U leer sou lewe, want dan was slawerny `n vreemde onding, en `n misdaad teen die regte van die mensdom. Maar solank dit nêrens nog nie die geval is nie en miskien nog lank nie sal wees nie, is en bly slawerny vir die hoogmoedige mensdom `n evangelie uit die hemele, wat ter verbetering van die mensdom op die aarde ingestel is. –

[11] Dit is dan my swakke beskouing van U verklaring oor slawerny. Nou vra ek U, o Meester, egter tewens of U geneig sou wil wees om die foute daarin, wat ek sekerlik gemaak het, uit te wys, sodat ek ook in hierdie sfeer tot die volle waarheid kan deurdring!"

[12] **Ek** sê: "Beste Josoë, jy het in alles heeltemal gelyk, en weinig of niks kan met reg daarteen ingebring word nie; net wat betref die duur van die Babiloniese gevangenskap het jy in jou ywer ietwat

te ver gegaan. Want elke gevangenskap en ook elke slawerny is uit die aard van die saak niks anders as `n strafgerig wat deur Elohim toegelaat word nie! `n Oordeel is en bly egter jammer genoeg altyd maar net `n uiterste dwangmiddel tot verbetering en het daarom gewoonlik meer `n slegte as `n goeie uitwerking op die siele van die mense. Want iemand wat die slegte maar net vermy vanweë die kwade gevolge, en die goeie doen vanweë die goeie gevolge, is nog ver verwyder van die Ryk van Elohim. Slegs diegene wat die goeie doen omdat dit goed is, en die kwade vermy omdat dit sleg is, is `n volmaakte mens. Want solank die mens nie self na die Ware Lig wil gaan nie, bly hy geestelik `n slaaf en as sodanig dood vir die Ryk van Elohim. Die dwang van buiteaf bring die mense op nog ander dwaalweë van die sedelike liefdeslewe, waarvan ons dadelik `n paar daarvan sal ontdek."

### *Die gelykenis van die kluisenaar*

**208** "Luister! `n Meisie uit die gewone volk stap alleen met `n pad. Terwyl sy êrens gewerk het vir haar werkgewer, het sy so laat vertrek dat sy op die terugweg deur die nag oorval is. Maar halfpad kom sy by `n plek waar `n vrome kluisenaar gewoon het. Versprei oor die hele Judéa vind jy baie sulke mense wat, vanweë die Ryk van Elohim, soos wat hulle dit wil voorgee en ook werklik in hul lewe wil toepas, `n sogenaamde streng lewe lei. Die huiswaarts kerende meisie in die al donkerwordende en stormagtige nag, klop aan by die huis van die kluisenaar en vra of sy binne mag kom om onderdak te kry vir die nag.

[2] Die kluisenaar kom na buite en bemerk dat die vraer `n meisie is, wat met haar binnekoms sy hut beslis sou kon verontreinig. Daarom sê hy, aangegryp deur gewyde geesdrif: 'Onrein wese, kom nie in my aan-Elohim-gewyde rein huis in nie, want dit sou deur jou onrein word en daardeur sou ek onrein word! Gaan maar verder en gaan terug na waar jy vandaan gekom het!' Met hierdie woorde maak hy die deur toe en laat met `n verligte hart, en verheug dat hy die verontreinigende gevaar vir hom kwyt geraak het, die skreeuende meisie aan haar bittere lot oor. Opgewek trek hy homself terug in die binneste van sy huis en prys Elohim dat Hy hom vir hierdie gevaar van sy siel so barmhartig beskerm het, en bekommer hom nie in die minste oor die arme meisie nie; of sy in die donker nag verongeluk of nie, dit interesseer hom gladnie.

[3] Na `n uur kom daardie meisie, besonder toegetakel deur die storm, by die huis van `n berugte tollenaar aan, wat in die oë van die suiwer Judeërs `n groot sondaar is. Hy hoor die arme meisie al van ver kla, want hy hou wag by sy tolboom. Hy was geen vriend van vroeg bed toe gaan nie, en daarom noem die rein Judeërs hom ook `n ordelose skobbejak.

[4] Hierdie sondige skobbejak steek egter gou `n fakkel aan en gaan die huilende meisie vinnig tegemoet. Toe hy haar voorthinkend en huilend vind, troos hy haar, tel haar met sy sterk arms op en dra haar sy huis binne. Daar gee hy haar te ete en te drinke en maak `n goeie en sagte bed vir haar gereed. Die oggend gee hy haar nog geskenke, saal twee lasdiere op en bring haar, algeheel verkwik en opgeruimd, na haar nog taamlik verre woonplek. -

[5] Kyk, die kluisenaar is `n streng boetvaardige, en leef steeds in `n strafdwang wat hy vir homself opgelê het, vermy daarby sorgvuldig alles wat sy as rein aangemerkte siel ook maar in die geringste sou kon verontreinig, en hy meen dat Elohim hom baie hoogag. Tewens is dit hom ook baie werd dat die wêreld hom as `n smetteloos heilige van Elohim beskou, en des te meer omdat dit in die algemeen van hom bekend was dat sy vertrek nog nooit deur `n vroulike voet betree is nie. Natuurlik bring hierdie sedelike reinheid hom menige gawe in sy hut, wat sekerlik sou verminder as daar ooit bekend sou word dat sy hut tog één keer verontreinig was deur die voet van `n meisie, waarvan mens tog nooit kon weet wanneer sy presies haar onreine periode gehad het nie.

[6] Vir die tollenaar pla dit niks of die wêreld goed of sleg van hom dink nie, sy huis staan altyd as die onreinste bekend en dit maak dat `n egte Judeër nie daarbinne sal kom nie, omdat hy hom dan vir minstens tien dae sou verontreinig. Daarom kan dit die tollenaar ook niks skeel wat die mense oor hom en sy huis sê nie, en hy doen dan ook vryelik wat sy hart hom ingee en dink daarby: 'Al is ek dan `n groot sondaar en so onsuiwer as wat maar moontlik is, wil ek tog barmhartigheid beoefen sodat ek eendag ook by Elohim barmhartigheid kan ondervind!'

[7] My beste Josoë, sê jy My nou eers: Aan wie van die twee sou jy uiteindelik die voorkeur gee?"

[8] **Josoë** sê glimlaggend: "O, sonder meer die tollenaar, want as daar op die wêreld maar net sulke kluisenaars sou wees, sou die lewe van die mense weinig kans meer gehad het, en sou dus sleg lyk! Die dom kluisenaar sou volgens my met sy sedelike reinheid elke uur tien keer gesteel kon word*! Waarlik, as ek ná die dood die hemel sou mag verhuur, dan sou die kluisenaar sekerlik die laaste wees wat ek in die laagste hemel die laaste plek sou aanwys, en hy sou nie daarvandaan kom tensy hy eers net soos die tollenaar geword het nie! - Het ek gelyk of nie?" ***[*steel in die opsig dat satan hom kan bykom: vertaler]***